# Hey! Brokkies Nuus
# 30 Oktober 2011

HOPE EXPLOSION YOUTH MINISTRIES

## Vierde kwartaal volspoed in vyfde rat!!

Hou vir John dop! Hy KAN sing





### Wat het alles gebeur die maand?

**1.Die konsert by Lawrencia laer :** Vanessa het behoefte aangespreek by Lawrencia se kinders om konsert te hou! Lofdanse en sangitems is gelewer. Die Heilige Gees was tasbaar tydens die 12 jarige John se item waar hy "At the cross" gesing het. Die kleintjies het uit volle bors gesing en die groot dogters het pragtig gelyk en - gedans.

**2. ZAMBIË 2011** – Belinda, Eddie Tshabalala, Hennig, sy seun Frederick Hennig, vriend Ruben Spies en Le-zan White kon getuig dat hulle uitgegaan het om lewens aan te raak maar elkeen kon getuig dat hulle veranderd teruggekom het! Die Zambiese mense kon Jesus se liefde deur hulle ervaar. Die opleiding het goed gegaan en ons vra ernstige gebed dat die saad wat geplant is sal groei en groot oeste lewer! God was so getrou en ons eer Hom daarvoor. **'n GROOT dankie aan al die donateurs en bidders wie hierdie uitreik moontlik gemaak het..dit was van onskatbare waarde**



Zambiese span by skool met onderwyser

?Hoe proe Zambië se tradisionele kos



**3. Weeklikse bediening:** Beaumont , De Hoop, Summies, Hebron, Lawrencia en Perelprojek se kinders gaan van krag tot krag met goeie terugvoer van ouers en onderwysers. Die Diensjaar span wie by Beaumont gehelp het se jaar is nou klaar en ons is baie hartseer om afskeid te neem. Hulle het diep in ons en die kinders se harte gekruip. Baie dankie aan Barbara en Linda wie nou nuut is en hier help! Die geestelike groei by die kinders die jaar is bemoedigend!



Beaumont H4K gaan Diensjaar se mense mis! Welkom Barbara,Linda!



De Hoop braai marshmallows en vier God as Elohim skepper 1Joh1:5 "in Hom is daar lig en geen duisternis"



Pêrelprojek se kinders geniet sjokoladekoek!

### Bid asb vir die volgende :

**1.** Hope 4 Kids Opleiding 7 -11 Nov in Somerset-Wes **2.** Uitreik op 22 Nov : tussen Beaumont gr R –3 en Pêrelprojek se kleuters by die Helderberg

**Dankie vir jou gebede, liefde en omgee! Celeste Steinmann 082 322**